*Maandag* **24 November**

**Skrifgedeelte: Filippense 2:1-11**

**Fokusgedeelte: Filippense 2:10-11**

**Jesus Christus verneder en verhoog, sodat ons in nederigheid ernstig na Christelike eenheid sal streef**

Jesus Christus het deur sy versoeningswerk die voorbeeld gestel van ware Christelike eenheid. Sy prys vir eenheid was die dood. Nederigheid en 'n ware dienskneggestalte is wat nodig is vir eenheid in die liggaam van Christus, sy kerk.

Paulus beklemtoon dat ons deur ons troos in Christus, deur die aansporing van sy liefde, die gemeenskap deur die Gees en die innige meegevoel en meelewing genoegsame redes het om te streef na Christelike eenheid. Christus het vir ons 'n duidelike voorbeeld gestel van wat nodig is om te streef na hierdie Christelike eenheid. Eensgesindheid is noodsaaklik. In denke, hart en siel moet gefokus word op die dinge waarop dit werklik aankom. Ons moenie dinge uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet ons bereid wees om mekaar te dien. Ons moet mekaar help, bereid wees om die een wat geval het, op te tel, op te hou en op te bou.

Dit was immers die gesindheid wat daar in Jesus Christus was. Hy het sy posisie prysgegee. Hy het alle rede gehad om selfgesentreerd te wees. Hy is God, maar Hy het sy ewigheidsbestaan prysgegee en mens geword. Hy het sy voorregte prysgegee. Hy is beperk in sy vrymag om alles te doen. Hy was volledig mens, sonder sonde. In alles het Hy geweet wat die doel van sy koms was. Hy het in gehoorsaamheid homself oorgegee in die dood. En deur sy verhoging is ons nou in staat gestel om in nederigheid en met 'n ware dienskneggestalte ernstig na Christelike eenheid te streef.

Christus het deur sy lewe ons geleer dat ons ons eers in nederigheid voor die Here moet onderwerp, want dan sal Hy ons verhoog (Jak. 4:10).

*Sing: Skrifberyming 1-1:3, 6*

*Dr. TC (Theuns) de Klerk (Emeritus)*